Ek is tog belangriker as Jy!

Wouter: Stoffel, weet jy wat? My pa kan tog vinniger as Brian Habana hardloop.

Stoffel: Ag dis nog niks, my pa kan meer nonsies as ou Snorre praat.

Wouter: Dit jok jy, maar my pa is tog slimmer as jou pa...

Stoffel: Is nie!

Wouter: Is!

Stoffel: Hoe weet jy?

Wouter: Want my pa het baie minder hare as jou pa!

Stoffel: Dit maak nie saak nie, want my Pa se hare is tog gryser as jou pa s'n! En my pa is tog sterker as jou pa!

Wouter: Is nie!

Stoffel: Is!

Wouter: Is nie!

Stoffel: Is!

Wouter: Hoekom sê jy so?

Stoffel: Want sy boepens is groter as jou pa s'n.

Wouter: Maar my pa maak tog meer geld as jou pa!

Stoffel: Is nie!

Wouter: Is! Want hy's 'n lawyer. Hy bel mense net een keer dan vra hy hulle sommer honderde rande!

Stoffel: Dis nog niks! My pa is 'n dominee, en hy praat lat niemand hom kan verstaan nie en dan het hulle 'n span mense nodig om al die baie geld op te neem!

Wouter: Is nie, jou pa is nie rêrig 'n dominee nie!

Stoffel: Ek weet, maar ek het sommer gedink dit sou cool wees as hy een was, want dan was ek tog belangriker as jy!

Wysneus: Hey wat maak julle?

Stoffel: Hallo Wysneus, ons stry.

Wysneus: Dit kan ek hoor , maar hoekom stry julle?

Kopiereg: Danie Matthee 2011-09-03

Stoffel: Ons stry oor wie die belangrikste is.

Wysneus: Hoekom wil julle die belangrikste wees?

Stoffel: Want as ons belangrik is, sal Jesus meer van ons hou!

Wysneus: Wat?! Waar kom julle aan sulke nonsense?

Stoffel: Hy het so gesê!

Wouter: Is nie, Stoffel het!

Wysneus: Maak nou nie saak wie het wat gesê nie, Jesus is nie liewer vir belangrike mense as vir onbelangrike mense nie. Vir Hom is almal belangrik.

Stoffel: Regtig?

Wysneus: Ja, Hy't gesê as iemand eerste wil wees, moet hy laaste wees, en as iemand belangrik wil wees, moet hy die ander dien.

Stoffel: Dien? Dit klink nie reg nie.

Wouter: Ja dit klink verkeerd om.

Wysneus: Ek weet, want God se koninkryk werk nie soos die wêreld nie.

Stoffel: Nie?

Wysneus: Nee, want in God se koninkryk is dit nie belangrik om belangrik te wees nie, maar dis belangrik dat Jesus die belangrikste in ons lewe moet wees.

Stoffel: Sjoe dit klink baie belangrik.

Wysneus: Dit is, en die rede hoekom Jesus vir ons die belangrikste moet wees, is omdat ons vir hom so belangrik is.

Wouter: Selfs di**é** van ons wat nie belangrik is nie?

Wysneus: Ja, ons is so belangrik vir Hom, dat Hy vir ons sonde gesterf het.

Wouter: Nou voel ek sommer baie sleg dat ons so gestry het.

Stoffel: Ek ook, ek dink ek moet vir Jesus ...om... om-ver-gif-ter-nis vra.

Wysneus: Wat se goed?

Stoffel: Daai groot woord wat beteken dat mens jammer sê jy was stout.

Wysneus: Vergifnis.

Stoffel: Ja, dis hom.

Kopiereg: Danie Matthee 2011-09-03

Wysneus: Ek dink dis ‘n baie goeie idée Stoffel, want as mens so belangrik wil wees, bring dit verdeeldheid.

Stoffel: Wat se goed?

Wysneus: Mense stry en help nie mekaar nie.

Stoffel: O ja.

Wysneus: En Jesus se bloed het juis gevloei sodat ons Sy kinders kan wees, en ons mekaar kan help.

Stoffel: Wysneus en dit is mos ook hoekom ons Nagmaal vier! Dat die brood en die wyn ons daaraan kan herinner, dat ons almal vir God belangrik is...

Wouter: En dat Hy vir ons belangrik moet wees!

Wysneus: Julle is eenhonderd persent reg!

Stoffel: Wysneus, weet jy wat sal lekker wees?

Wysneus: Wat?

Stoffel: As oom Frans en die *band* vir ons ‘n paar lekker liedjies kan speel, sodat ek vir ...ver-gif-ter-nis kan bid.

Wysneus: Vergifnis?

Stoffel: Net so.

Wysneus: Kom ons roep oom Frans...

Wouter: Ja , dan kan die mense lekker sing...

Stoffel: En dan kan ons lekker bid.

Almal: OOM FRANS!!!!!

Kopiereg: Danie Matthee 2011-09-03